Bib

50/87

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF
VAN SUID-AFRIKA
BIBLIOTEEK
1987-05-22
LIBRARY
REGISTRAR, SUPREME COURT
OF SOUTH AFRICA

487/86

N v H

LESLIE FIELAND en DIE STAAT

SMALBERGER, AR:-

487/86
N v H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

LESLIE FIELAND — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: JOUBERT, SMALBERGER, ARR,
et NICHOLAS, Wn AR

VERHOORDATUM: 8 MEI 1987

LEWERINGSDATUM: 22 MEI 1987

---

U I T S P R A A K

SMALBERGER, AR:-

Voortspruitend uit die dood van Evelyn Williams (die oorledene) op 11 Desember 1985 het die appellant in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling voor FLEMMING, R, tereggestaan op ŉ aanklag van moord. Hy is skuldig bevind, en by ontsten=

tenis / ...........

tenis van versagtende omstandighede die doodvonnis opgelê. Met verlof van die verhoorregter kom die appellant nou in hoër beroep teen die bevinding van afwesigheid van versagtende omstandighede en die opgelegde doodvonnis.

Die verhoorregter het die saak sonder die bystand van assessore verhoor. Ingevolge die bepalings van artikel 145(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 is die oproep van assessore in 'n voorsittende regter se diskresie waar hy by die aanvang van die verhoor van oordeel is "met inagneming van die omstandighede van die geval" dat die antwoord op die vraag of "die doodvonnis opgelê kan word of opgelê moet word", ontkennend is. Daar is by die verhoorregter navraag gedoen omtrent sy besluit om sonder assessore te sit, en hy het in

antwoord hierop ŉ verslag verstrek kragtens artikel 320 van die Strafproseswet. Dit blyk uit sy verslag dat die verhoor=regter wel aanvanklik die oordeel gevorm het dat die moontlik=heid van ŉ doodvonnis uitgesluit is, en hy was dus geregtig om sonder die bystand van assessore die saak te verhoor. Desondanks sy oorspronklike verwagtinge het die verhoorregter aan die einde van die verhoor tot die slotsom gekom dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie, en hy was gevolglik genoodsaak om die doodvonnis op te lê.

Die bewese feite waarop die appellant se skuldig=bevinding gegrond is, is soos volg. Die appellant en die oorledene het ŉ liefdesverhouding gehad wat vir ŉ geruime tyd geduur het. Vir ongeveer ŉ jaar voor die oorledene se dood

het / .............

het hulle in die appellant se ouerhuis saamgewoon. Op Vrydag 6 Desember 1985 het die oorledene haar goed gepak en die appellant verlaat. Die rede vir haar optrede blyk nie duidelik uit die oorkonde nie. Op die daaropvolgende Maandag het die appellant die oorledene aangerand en haar beseer. Die omstandighede waaronder hierdie gebeurtenis plaasgevind het, is onbekend. Na aanleiding van hierdie voorval het die oor=ledene 'n klagte van aanranding teen die appellant aanhangig gemaak. Op die namiddag van Woensdag 11 Desember 1985 was die oorledene aanwesig by 'n huis langs dié waar die appellant tuisgegaan het. Terwyl sy besig was om in die kombuis skottel=goed te was, het die appellant daar opgedaag. Hy het met die oorledene gepraat. Volgens een van die staatsgetuies, Jacqueline Morton, wat in die kombuis aanwesig was, het die appellant vir

die / ................

die oorledene gevra "hoekom het jy my gelaat staan?" ŉ Ander getuie, Miriam Dada, wat in die eetkamer was, het die appellant hoor vra "waaroor het jy my laat vang?" Op die een of die ander, of albei, van die vrae het die oorledene geantwoord dat die appellant haar seergemaak het. Hierna het die appellant die oorledene gevra of hy haar vir ŉ paar minute kon sien. Die oorledene het egter geweier en gesê dat sy besig is. Die appellant het toe die huis verlaat. Etlike minute daarna het hy teruggekeer, gewapen met ŉ mes wat beskryf is as ŉ "Jungle knife". Sonder om ŉ verdere woord te uiter, het hy die oorledene genader, haar gegryp en haar verskeie kere gesteek. Volgens die bevindings by die nadoodse ondersoek is die oorledene vyf keer gesteek, en het sy gesterf as gevolg van ŉ penetrerende ingesnyde wond van

die / ............

die slukderm en lugpyp met inwendige en uitwendige bloedver= lies. Nadat hy die oorledene klaar gesteek het, het die appellant die huis verlaat.

Daar kan kortliks na die appellant se getuienis verwys word. Volgens hom het hy na die betrokke huis gegaan om van die oorledene geld te vorder wat sy van hom geleen het. Die oorledene het saam met ŉ ander man by ŉ tafel gesit. Voordat hy met die oorledene kon praat, is daar deur die eienares van die huis op hom geskel, en het sy kookwater na hom gegooi. Met dié het die man wat saam met die oorledene was ŉ mes te voorskyn gebring en die appellant aangeval. Die appellant het ŉ mes wat op die tafel gelê het, opgetel om homself mee te verdedig. Met die afweer van die aanval op

hom / ...........

hom het hy die oorledene "per ongeluk" een keer raakgesteek. Die appellant se weergawe van die gebeure is tereg deur die verhoorregter verwerp.

Nadat die verhoorregter hom aan moord skuldig bevind het, het die appellant oënskynlik ter versagting getuig. Hy het egter volhard in sy reeds verwerpte getuienis dat hy die oorledene per ongeluk raak gesteek het. Hy het ook uitdruklik ontken dat hy weens jaloesie opgetree het. Hy het nooit daarop aanspraak gemaak nie dat hy onder emosionele of geestelike spanning verkeer het toe hy die oorledene gesteek het. Daar=benewens het die appellant deurgaans ontken dat hy die oorledene die vorige Maandag aangerand het, of dat hy daarvan bewus was dat sy 'n klag teen hom ingedien het. Die appellant was klaar=

blyklik / ............

blyklik nie bereid om die verhoorregter in sy vertroue te neem, en die werklike rede vir sy optrede te openbaar nie. Weens die houding deur hom ingeneem, en sy onaanvaarbare getuienis, kan daar geensins op enigiets wat die appellant sê peil getrek word nie, en moes die verhoorregter by die beoor= deling van die aanwesigheid al dan nie van versagtende omstan= dighede sy getuienis totaal verwerp het. Gevolglik moet die vraag of die appellant die aanwesigheid van versagtende omstan= dighede op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het, beoordeel word aan die hand van die reeds genoemde bewese feite, en die waarskynlikhede wat daarvan af te lei is. In dié verband is dit gemene saak dat die appellant 20 jaar oud was ten tyde van die pleging van die misdaad.

In sy / ..........

In sy uitspraak met betrekking tot versagtende om= standighede het die verhoorregter, met verwysing na die appellant, gesê dat "(w)at betref sy optrede, lyk dit na ŉ geval van wraak= neming". Die blyk trouens dat die verhoorregter wraakneming deur die appellant, omdat die oorledene ŉ klag teen hom ingedien het, as die uitsluitlike motief of beweegrede vir die appellant se optrede beskou het. In dié opsig het die verhoorregter myns insiens fouteer. Van die getuienis kan met redelike sekerheid afgelei word dat toe die appellant die oorledene die eerste keer in die kombuis genader het, hy ongewapen was. As sy bedoeling was om hom op haar te wreek suiwer omdat sy ŉ klag teen hom ingedien het, sou redelik verwag kon word dat hy hom vir dié doel sou bewapen het voordat hy haar genader het. Daar= benewens, al sou die appellant op ŉ stadium van die oorledene verneem het waarom

sy hom / .............

sy hom "laat vang" het, het die appellant, volgens Jacqueline Morton (wat uiteraard in die mees gunstige posisie was om oor die gebeure in die kombuis te getuig), die oorledene eerste gevra waarom sy hom "gelaat staan" het, die klem synde dus op haar verlating van hom eerder as die klag wat sy aanhangig gemaak het. Dit blyk ook dat die appellant die oorledene wou spreek, waarskynlik oor hulle verhoudingsprobleme, wat ŉ verdere teen-aanduiding is dat hy bloot daarop uit was om hom op haar te wreek.

Die waarskynlikhede, na aanleiding van die getuienis, is eerder dat die appellant se optrede te wyte was aan emosionele spanning voortvloeiend uit ŉ gebroke liefdesverhouding. Sy verhouding met die oorledene was ŉ diepgaande eerder as ŉ kort=

stondige een, en die vervreemding tussen hulle moes noodwendig die opwelling van emosies in die appellant tot gevolg gehad het, veral as sy betreklike jeugdigheid in aanmerking geneem word. Dit is waarskynlik die rede waarom die appellant die oorledene genader het en haar gevra het waarom sy hom verlaat het, en verder die geleentheid gesoek het om met haar (blykbaar oor hulle probleme) te praat. Haar klaarblyklike onwilligheid om met hom daaroor te praat het waarskynlik sy emosionele spanning verhoog, te oordeel daaraan dat hy ŉ mes gaan haal het en haar daarna in die teenwoordigheid van ŉ ooggetuie verskeie steekwonde toegedien het - optrede wat nie verwag sou word van ŉ nugter (wat die appellant wel was) of nugter denkende persoon nie, en wat waarskynlik toegeskryf kan word aan ŉ emosionele toestand

wat hom / ...........

wat hom verhinder het om die gevolge van sy optrede te besef. Na my mening het ons hier te doen met ŉ spesie van "crime passionnel", en val die feite van die onderhawige geval binne die raamwerk van die beginsel neergelê in S v Meyer 1981(3) SA 11 (A). Gevolglik moes die verhoorregter die appellant se waarskynlike emosionele spanning wat tot die moord op die oor= ledene aanleiding gegee het as ŉ versagtende omstandigheid beskou het, en moes die appellant derhalwe skuldig bevind gewees het aan moord met versagtende omstandighede. ŉ Gepaste vonnis, na aanleiding van alle geldige oorwegings, insluitende die appellant se jeug en die feit dat hy ŉ eerste oortreder is, sou een van sewe jaar gevangenisstraf wees.

Die / ................

Die appèl slaag. Die doodvonnis word tersyde gestel en word vervang deur 'n vonnis van sewe jaar gevangenis=straf.

J W SMALBERGER

JOUBERT, AR)
)   STEM SAAM
NICHOLAS, Wn AR)